NUUSBRIEF
OKTOBER 2016

**VENNOOTSKAP ♦ VOLHOUBAAR ♦ VOORUITGANG**

## ONS VIER 20 JAAR

**Ons glo in 'n gesonde, volhoubare bedryf en dat produksie- en verkoopsdata gemeet en openhartig gedeel moet word om suksesvolle bestuur te verseker.**

CNTP het in '96 ontstaan uit 'n vennootskap tussen produsente-aandeelhouers. Ons was een van die eerste onafhanklike maatskappye na deregulering van die bedryf wat tot groot oplewing in aanvraag, markontwikkeling en 'n wye reeks innoverende nuwe rooibos produkte gelei het.

In die afgelope 20 jaar was daar interessante en soms uitdagende tye. Produksie het toegeneem vanaf +-5 000t tot 18 000t in '09, waarna dit veral vanwee klimaatsfaktore gedaal het. Verkope het toegeneem van sowat 5 000t – 15 000t in '15 waarvan ongeveer 50% deesdae uitgevoer word na meer as 30 lande.

Rooibos het ontwikkel van 'n goedkoop alternatief vir swart tee en geblom tot 'n wêreldwye gesogte gesondheidstee en bestanddeel. Dis deesdae orals in vele formate beskikbaar bv. Joghurt, velprodukte, ystees, eksotiese skemerkelkies, kafeïne-vrye espresso's in koffiewinkels, en met nuwerwetse rooi baadjies aan in resepte van beroemde sjefs.

Die naam Rooibos word nou wetlik beskerm en behoort eksklusief aan Suid-Afrika en ons bedryf.

CNTP is trots om aan die voorpunt te wees van die rooibos revolusie. So was ons nie net die eerste onafhanklike verskaffer aan plaaslikke handelsmerkte in 1997 nie; maar ook die enigste om plantmateriaal aan die bier en wynbedryf te lewer sedert '14.

**Ons bly verbind tot die toekoms van rooibos en glo in vooruitgang deur volhoubaarheid en vennootskappe met ons verskaffers en kliënte.**

## ONAFHANKLIKE OESSKATTINGS VIR BETER BEPLANNING

Die eerste onafhanklike rooibos oesskatting deur visuele opnames vanuit 'n helikopter is in Okt '15 begin deur CNTP. Hierdie metode word allerweë beskou as 'n baie akkurate manier van oesskattings. Dit word gebruik in verskeie provinsies, insluitend Weskaap, waar Departement Landbou elke paar jaar 'n volledige opname so uitvoer vir verskillende gewasse. Daar word regoor die hele produksie-gebied gevlieg op 'n hoogte van 100m bo grondvlak en data vir elke rooibosland word op 'n GPS-gekoppelde rekenaar ingevoer.

Data sluit in die ouderdom van elke land, die stand van plante en geskatte lewering per hektaar.

Areas waar onsekerheid bestaan word per voertuig besoek om akkuraatheid van data te bevestig. Harde werk is reeds gedoen om die kaart van alle rooiboslande op te dateer en meer akkuraat te maak. Ons glo die resultate sal jaarliks verbeter soos wat die inligting gedeel en geverifieer word met en deur ons produsente.

Die oogmerk is om die opname jaarliks te herhaal en die tegniek voortdurend te verbeter deur inligting te korelleer met werklike oesdata op 'n monster-nemingsbasis. Die volgende opname is vroeg Nov '16.

Die doel met hierdie projek wat CNTP befonds is akkurate, onafhanklike oesskattings om sodoende verskaffers op die hoogte te hou van produksie tendense waarvolgens ingeligte produksie-beplanning kan plaasvind.
In ons volgende nuusbrief sal ons graag produksiedata tot op datum ingesamel met julle deel.

***Feit: Het u geweet daar is meer at 4000 rooibos lande in die industrie***

rooibostea.co.za | intabateas.com
021 982 5020 | info@rooibostea.co.za

## NUWE PRODUKSIE UITDAGING: Pirrolisidien Alkaloïede

**PA's is potensiële skadelike bestanddele van sekere onkruide wat in rooibos produksie areas voorkom.**

Die rooibos plant self bevat dit nie, maar as sekere onkruide – veral die wat baie soos rooibos lyk – toevallig saam geoes word gaan skadelike plante in die tee eindig. PA's word opgeneem deur die lewer, wat gesondheidsrisiko's inhou vir die verbruiker indien dit in groot hoeveelhede oor 'n lang tydperk ingeneem word. Jul sal sekerlik saamstem dat ons hierdie potensiële probleem ten alle koste moet vermy om rooibos se reputasie as gesondheidsproduk te beskerm.

Die tendens met vanjaar se reën en weerpatroon is dat PA plante baie agresssief groei. Ons wil produsente aanraai om vroegtydig met verwydering van sodanige plante te begin, veral in Sept – Nov wanneer hierdie onkruide blom en makliker is om te bespeur. Dis krities om dit juis nou te doen voordat die plante saad skiet en in 'n rusfase ingaan.

Bitterbossie

Blou Disseldoring

Stinkkruid

Geelgifbossie

Praktiese advies:

1. Lei u werkers behoorlik op om PA plante te identifiseer, veral Bitterbos, Geelgifbossie, Stinkkruid en Blou Disseldoring wat almal nou blom.
2. Gebruik gepaste toerusting en veilige metodes om dit te verwyder.
3. Inspekteer alle rooibos lande voor die oes-seisoen om te verseker dat PA plante verwyder is.

Ons kyk beslis na geïntegreerde beheermaatreëls om koste-effektiewe praktyke in plek te stel. Kontak ons gerus indien u meer inligting benodig bv. brosjures, werkersopleiding, of aanbiedings aan u personeel:
Deon Zandberg by 084 840 0383 / stompiez@telkomsa.net of
Gerhard Pretorius by 082 450 2571 / gcppret@gmail.com

## LEER KEN ONS PERSONEEL: JAN BOTHA

**Jan is in beheer van voorraadkontrole by ons Graafwater depot en sy taak is om prosedures vir tee-innames te vergemaklik vir produsente.**

Dit behels die koördinering van akkurate voorraadinligting en bestuursbeplanning met ons verskaffers en kliënte. Hy hanteer ook teegraderings en sorg dat elke produsent die gehalte-gradering resultate ontvang vir elke monster gelewer om 'n deursigtige terugvoerproses te verseker.

Hy werk nou saam met Deon Zandberg as ons produsente skakelpersoon om verbeterde voorligting en ondersteunings-dienste te lewer. Hul is beskikbaar om produsente onder meer by te staan met praktiese inligting oor grondgehalte bepalings, optimale planttyd vir verskillende streke, die verskaffing van saailinge ens.

Jan het sy het sy B-Com graad in Landbou-ekonomie in Stellenbosch voltooi. Hy wil graag 'n vennootskap met CNTP produsente opbou en nooi u uit om hom te ontmoet wanneer u ons Graafwater depot besoek.

027 422-1081 / 076 298-9103 of
stockcontroller@rooibostea.co.za

## WAT MAAK DIE KLIMAAT?

Klimaatsveranderingsvoorspellings bied groot rede tot kommer aangesien dit sterk dui op moontlike toenames in reënvalveranderlikheid en die duur van droogtes, 'n latere begin van die reënvalseisoen, hoër temperature, asook swaarder en meer gereelde hittegolwe. Besoek www.greenagri.org.za waar Dept Landbou 'n goeie oorsig gee (in Afrikaans) oor klimaatsveranderings spesifiek van toepassing op die rooibosverbouingstreke.

***Feit: Het u geweet in die afgelope 5 jaar is daar meer as 29 000 ton Rooibos uitgevoer na meer as 57 lande.***